Die Here sorg vir alles, ek sal niks nodig hê nie.

Vooraf sang
Ps 121 - 2 : 1,2,3
Ps 125 - 2; 1,2,3  (Gebruik mel. van Sb 18 - 6)

Toetreediens:

Intreelied: Ps 122 - 1: 1
Votum
Seen
Lofsang: Lied 203: 1,2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels interaktief

Verootmoedigingsdiens:

Wet: Eks 20: 1 - 6 en Psalm 16
Sing: Ps 97 - 1: 4,5
Gebed

Woorddiens:

Skriflesing: Psalm 23
Woordbediening

Antwoorddiens:

Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing: Ps 23 - 2 : 1 (Gerdener)
Seen
Amenlied Sb 13 - 2

Geliefde brs. en srs. en kinders

Kersfees is verby en dit was wonderlik om weer op gelowige wyse die geboorte van ons Here te vier en die betekenis daarvan te ervaar. **Nou lê die nuwe jaar voor ons en die meeste mense se gedagtes begin nou draai om wat 2015 vir elkeen van ons gaan inhou.**

**Wat gaan met my gebeur?** Wat gaan op persoonlike vlak gebeur in my verhoudingslewe? Wat lê vir ons as gesin voor? Wat hou my werk of my studies vir my in? Hoe lyk my finansiële sekuriteit? Is daar vir my goeie vooruitsigte of sal ek dalk die belt nog stywer moet vastrek? (Kinders: dit beteken: sal ons nog meer spaarsamig met ons geld moet werk?) Wat is die ekonomiese vooruitsigte? Vir baie is die vraag: gaan ek nog ŉ werk hê in 2015?

**Baie wonder ook: Wat wag vir ons in Suid-Afrika?** Gaan dinge verbeter of gaan dit slegter word? Wat gaan in die wêreld gebeur? Gaan die wêreldekonomie verbeter sodat dit ook met ons beter kan gaan? Gaan die krisis tussen Rusland en die weste opgelos word? Gaan ISIS en Bohoko Garam met hulle verskriklike terreurdade aan bande gelê kan word en wat gaan word van die krisis in die Midde Ooste? Gaan Ebola gekeer word en wat van al die konflikte in Afrika?

So bring die jaarwisseling baie vrae en dikwels ook baie onsekerheid by mense. Ja, sommige van ons kan selfs bang wees vir 2015. Bang oor alles wat so onseker is en ontsteld oor vrae waarop daar nie antwoorde is nie.

**En dan lees ons in Psalm 23 vers 1: Die Here is my Herder – ek kom niks kort nie**. Die ouer vertaling lui: Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie!

**Br en sr: wat beteken hierdie woorde vir my en jou?** Hoe bring dit perspektief op die nuwe jaar wat vir ons wag?
Die boodskap van God vanmore is dan: **Die Here sorg vir alles, ek sal niks nodig hê nie!**

**Brs. en srs., die herdermetafoor is seker en van die bekenste beelde in die Bybel**. Dit is so omdat die Israeliete en hulle voorgeslagte nomadiese veeboere was. Hulle het met skape, bokke en kamele geboer. Ons lees dat Abel, seun van Adam en Eva, die eerste herder was. **ŉ Herder, kinders**, is iemand wat die skape of bokke opgepas en versorg het. (Wys prente)

**Van die grootste leiers in die Bybel was ook herders.** Abraham was ŉ baie ryk veeboer. Hy het seker self as herder opgetree en later herders gehuur om sy kuddes te versorg. Ons weet ook van Jakob wat ŉ baie bedrewe herder was en wat allerlei kunsies geken het om sy kuddes vinniger te laat aanteel as die van sy skoonpa. Moses, die groot eerste leier van Israel is van die veld af agter die vee geroep om die volk uit Egipte na die

beloofde land te lei. En dan natuurlik ook Dawid – aan wie psalm 23 as digter toegeskryf word, was van jongs af ŉ herder tot dat hy koning van Israel geword het.

Die mense aan wie God sy Woord gerig het, was dus baie goed bekend met die werk en lewe van ŉ herder en **daarom gebruik die Here dit ook as metafoor van Homself en van sy optrede teenoor sy kinders.**

**Ons lees bv. in Jesaja 40: 11** dat die Here sy volk sal lei soos ŉ herder. Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei. Dieselfde gedagtes word ook in Jer. 23 en Eseg. 34 gegee oor God as die goeie herder wat sy kudde ten beste sal versorg! **In Eseg. 34** dank die Here die leiers van die volk as herders af omdat hulle nie vir die volk gesorg het nie. **Hy sê: Kyk, hier is Ek en Ek sal self na my skape vra en vir hulle sorg, Ek sal hulle uitlei en goeie weiveld bring. Ek sal self my skape oppas en hulle laat lê en rus, so sê die Here!**

**Brs. en srs., die lewe van herders of skaapwagters in die Bybel word dikwels deur die moderne mens verromantiseer**. Ons sien dit elke jaar met Kersfees en die uitbeelding van skaapwagters met hulle skape rondom die krip van Jesus met sy geboorte. **Maar die werk van skaapwagters was allermins iets romanties. Dit was uiters harde en gevaarlike werk**. ŉ Herder moes ŉ sterk en vreeslose man wees! Hy moes bereid wees om in uiterste warm dae in die woestynagtige weivelde van die Midde-Ooste en Palestina in die blote son sy kuddes op te pas. So ook wanneer hulle ver na kos moes gaan soek, het hulle uiters koue nagte in die veld moes deurbring om die skape op te pas.

**Hulle moes roofdiere soos wolwe, bergleeus of bere beveg om die skape te beskerm** – soos Dawid ons vertel, hy baie moes doen. So ook roofbendes wat die vee kom steel het. ŉ **Herder wat suksesvol wou wees, het self sy eie kuddes opgepas**. Hy kon nie bekostig dat iemand die vee alleen los en vlug van gevare soos ons lees dat baie van die gehuurde skaapwagters gedoen het nie. ŉ Herder pas sy eie skape soos goud op en sal alles vir hulle gee en sy lewe op die prys stel om hulle veilig te hou.

**So ŉ herder, broers en susters, is die Here ons God vir ons.** Die Here is ŉ sterk en vreeslose Herder! Daar is niemand soos Hy nie! Niemand wat meer liefde vir sy kudde het as wat die Here vir ons het nie. Niemand wat so vreesloos vir ons veg soos die Here ons God nie! Niemand wat in staat is om te sorg soos die Here vir ons sorg nie! Hy voorsien in al ons behoeftes!

**As Dawid sê" Die Here is my Herder" is dit ŉ belydenis van God se allesomvattende sorg vir sy kinders**!

Die grote God wat hemel en aarde gemaak het, die grote God wat op sy troon in die Hemel sit en oor alles en almal regeer – **Hy is ons Herder!** Niemand anders kan sorg soos Hy nie! Luister hoe **praat Dawid** heel aan die einde van sy lewe, net voor sy dood, oor die Here se Herderlike sorg in 1 Kron. 29. Hier aan die einde van sy lewe praat Dawid uit eie ervaring as hy sê: "Geloof sy U Here, God van ons voorvader Israel en van ewigheid tot ewigheid. Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit

behoort aan U, ja, alles in die hemel en op die aarde. Aan U Here, behoort die heerskappy, U is bo almal verhewe. Van u kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk en dit berus by U om enige iemand groot en sterk te maak. En nou loof ons U, ons God en prys ons u glansryke Naam! Alles kom van U af."

**Brs. en srs., dit is ons Herder! So sal Hy ons in 2015 lei en versorg soos geen ander een kan nie! Hy is in beheer van jou lewe en Hy lei jou op die pad wat Hy vir jou uitgekies het met groot liefde en allesomvattende sorg! Ons hoef nie oor 2015 te wonder of bang te wees nie! Die Here weet presies wat ons nodig het en Hy weet presies wat vir ons wag! Hy is 'n sterk en vreeslose Herder en wat ook al op ons pad kom, Hy sal vir jou sorg en Hy sal jou beskerm!**

Dawid bely en sê: Die Here is my Herder**. Kan ek en jy dit ook vanmore bely en sonder huiwering sê: Die Here is my herder! Ek behoort aan Hom en Hy sorg vir my?**

Ja, geliefdes, ons kan dit sê: **want God het juis in Christus gedoen waarvan Hy in die Ou Testament gepraat het as Herder! Dat Hy self vir sy kudde sal sorg en sal doen wat geen aardse herder kan doen nie!** Dat Jesus mens geword het en tussen ons kom woon het en vir ons **kom wys het hoe 'n herder God vir ons is!**

**Daarom kon Jesus in Johannes 10 sê: Ek is die goeie Herder! Ek lê my lewe vir my skape af!"** En dit het Jesus gedoen deur aan die kruis sy lewe vir ons af te lê – **sodat ons aan God kan behoort** – sy skape kan wees. Dat ek en jy ook vanmore kan bely: Die Here is my Herder! **Dit is die blye evangelie**: **Ek behoort deur my geloof aan Christus aan Hom – Hy sorg vir my soos Sondag 1 sê dat geen haar van my hoof sal val as dit nie die wil van my Herder is nie!**

**Brs. en srs., wat 'n heerlike troos om dan vanmore saam met Dawid te kan sê: Die Here is my Herder**! Dat ons kan sing in Ps. 18:1Die Here is my rots, my skuilplek, my redder, My God, my skild en sterk verlosser! Br. en sr., eien hierdie God vir jou toe in die geloof soos Dawid!
**Gee jou soos Dawid oor aan sy sorg!** Dan hoef jy nie bang te wees nie! Bid dat sy Gees wat ook soos 'n Herder aan jou gegee is, in jou hierdie geloof sal werk en bevestig. Die Heilige Gees wat ons troos en lei – dat Hy – die Gees van God – ook hierdie geloof en oorgewenheid in jou sal werk.

**Geliefdes, wat is die logiese en noodwendige gevolg van 'n lewe in die sorg van ons Herder?** Dit wat Dawid verder sê: Ek kom niks kort nie! Niks sal my ontbreek nie! Ek het alles wat ek nodig het! Ek wil niks meer hê nie!

**Kan ek en jy dit ook met vrymoedigheid vanmore sê?** Dat ons tevrede is met wat ons het? Ons leef in 'n wêreld wat vir ons vertel dat ons altyd nog iets benodig. Dat ons altyd nog iets nodig het. Dat dit wat ek het nie genoeg is nie – dat ek meer nodig het! Ons mense kan amper nie meer "ophou nodig hê" nie. Ek wil altyd beter en meer!

**Nee, as ek sê die Here is my Herder, dan moet ek ook leer om tevrede te wees met wat Hy vir my in sy liefde gee!** Dan moet ek **glo en aanvaar dat ek niks meer ontbreek nie!** Onthou brs. en srs., die Here het ons nooit rykdom belowe nie! Dit sal ons verder in die psalm nog ontdek! Die het belowe dat ons alles sal ontvang wat ons nodig het om van te lewe!

**Nou moet ek en jy ophou bekommer, ophou kla en ontevrede wees, ophou begeer nog beter en nog meer!** Nou moet ons leer om tevrede te wees. **Nou moet ons leer om op die Here se sorg te vertrou en met verwagting te glo dat ons Goeie Herder ons met alles wat goed sal versorg!**
**Nou mag ons nie meer vrees nie, nie meer "worry" nie, n**ie meer te dink: ek moet alleen sorg nie – maar weet: Die Here is my herder – Hy sal sorg.

Ja, ŉ nuwe jaar lê voor en genadiglik hoef ons ons nie te bekommer oor wat die toekoms inhou nie. Kom ons sorg dat ons naby aan ons Herder bly, kom ons sorg dat ons ons hoop en verwagting op Hom stel en op niks of niemand anders nie!

Ja, hoe heerlik om vanmore die ou bekende woorde nuut te kan bely: Die Here is my Herder – ek sal niks, ja niks, kortkom nie!

Amen